Ras van die Maand

Simmentaler
- die winsgewende keuse vir die melk- en vleisbeesboer

Uitgereik deur die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika

Namibië was die eerste land buite Europa waar Simmentaler suksesvol in 1893 gevestig is. Die belangrikste rede vir die gewildheid van die ras in die eerste helfte van die vorige eeu, was die dubbeldoel eienskappe. In die vyftigerjare het die destydse Suidwes-Afrika, sonder enige melkrasse "*gemiddeld 9,2 miljoen pond botter en 367 300 lb kaas*" per jaar uitgevoer. Hierdie suiwelprodukte was oorwegend deur Simmentaler en Simmentaler-kruise geproduseer. Die eerste Simmentalers in Suid-Afrika is in 1905 deur president MT Steyn van die Vrystaat ingevoer. In die vroeë sestiger jare het die uitstekende prestasie van die Simmentaler in amptelike kruisteeltoetse aan die lig gekom. Dit het gou duidelik geword dat die vraag die aanbod oorskry het en in die tydperk 1960 tot 1970 is groot getalle Fleckvieh vanaf Duitsland en Oostenryk ingevoer.

Simmentaler prestasies in vleisarena

Simmentaler is die derde grootste van 32 nie-suiwelrasse in Suid-Afrika en word slegs oortref deur die Bonsmara (sintetiese ras) en Brahman (*Bos Indicus*). In vergelyking met die 16 ander Britse en Europese nie-suiwelrasse, het Simmentaler meer vroulike diere as die 2de, 3de en 4de grootste rasse gekombineerd. In 2009 het geregistreerde Simmentaler vroulike diere toegeneem met byna 2,5%, terwyl die meeste rasse 'n afname toon. Daar was ook 'n toename in telersgetalle.

'Sim'sasionele prestasie

Hoe vergelyk die ras met die tien bekendste prestasie getoetste rasse?

- 1ste in reproduksie indeks.
- 1ste in speengewig.
- 1ste in die jaar-oud gewig van verse onder plaas voorwaardes.
- 1ste in voerkraal groei (GDT in die bul-groei-toetse intensiewe).

(Bron: Beef breeding in SA)

Redes vir die Simmentaler se volgehoue gewildheid is beslis die sukses behaal in kruisteling vir die teel van beide (i) koeie met baie melk en (ii) swaar speenkalwers.

Simmentaler in die suiwelarena

Tien jaar gelede is die Simmentaler Melkbelange-groep gevorm om die ras onder sy Duitse naam naamlik Fleckvieh, in die suiwelarena te vestig. In die jaar 2000 was daar slegs twee stoettelers wat ook hul Simmentalers gemelk het. Na tien jaar is daar reeds 30 lede van die Simmentaler Genootskap wat hul koeie melk, of ten minste 'n deel van hul Simmentaler-kudde melk. Volgens die aantal lede by die Simmentaler Genootskap is die ras nie net een van die grootste vleisrasse in Suider-Afrika nie, maar nou ook die 4de grootste ras in die suiwelbedryf. Behalwe die honderde suiwer Fleckvieh koeie in die melkstalle reg oor Suid-Afrika, is daar ook duisende Fleckvieh-kruisings in die melk.

Die onlangse ontdekking van baie hoë vlakke van natuurlike Lanoleen Suur (CLA) en Omega 3 in die melk van Fleckvieh en Fleckvieh-kruise, het die deur oopgemaak vir 'n opwindende toekoms waar die ras nou 'n natuurlike gesondheidsprodukt produseer en nie meer net melk nie. Die handelsmerke **CLA, Fleckvieh melk en Natuurlik verreikte CLA en Omega 3**, is reeds geregistreer in Suid-Afrika.

VOORDELE VAN LIDMAATSKAP
van die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika

Die Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika is tans een van die grootste en mees dinamiese Rasgenootskappe in Suidelike Afrika, wat bestaan uit lede met 'n intense belangstelling in teling en grootmaak van Simmentaler en Simbra diere.

Met ons hoofkantoor in Bloemfontein is die Genootskap 'n nie-winsgewende organisasie wat advies en dienste lewer aan ons lede in Suidelike Afrika.

VOORDELE VAN LIDMAATSKAP

- **Voeg waarde toe tot diere**
  Om met geregistreerde Simmentaler en Simbras te boer beteken dat lede 'n inkomstepotensiaal het bo en behalwe net speenkalwers. Geregistreerde Simmentaler en Simbra diere open nuwe bemarkingsgeleenthede en inkomste-moontlikhede vir lede.

- **Sluit aan by 'n netwerk van dinamiese vleisbeesprodusente.**
  Simmentaler en Simbra telers is van die mees progressiewe en dinamiese boere in die land. As lid van die Genootskap kry lede die geleentheid om idees uit te ruil en medeboere te ontmoet met dieselfde doelstelling – om 'n winsgewende vleisbeesboerdery te bedryf.

- **Uitstaande professionele kliëntediens**
  - www.simmentaler.org is 24 uur per dag beskikbaar om inligting ten opsigte van diere en verslae van u kudde te gaan besigtig. Dit dien ook as 'n uitstekende bron van inligting wat gereeld aangepas word.
  - Elke lid van die Genootskap ontvang een maal per jaar 'n besoek van een van ons kundige Tegniese Adviseurs om lede behulpsaam te wees met seleksie van diere, bespreking van genetiese ontledings en advies in die algemeen. Linieêre klassifikasie van Fleckvieh en Flekvieh-kruisings word ook tydens die besoeke hanteer.
  - Die Genootskap maak gebruik van die mees gesofistikeerde stelsel van datavaslegging vir registrasie en prestasiedoeleindes, wat beteken ons kan baie vinniger sertifikate en ander inligting uitstuur aan ons lede.
  - Die Genootskap verskaf kliëntediens en hanteer navrae van ons lede deur 'n span goedopgeleide en kundige personeel van Maandae tot Vrydae.

Kry 'n GRATIS besoek deur een van ons Tegniese Adviseurs indien u meer as 25 Simbra* of Simmentaler ** tipe koeie vir opname in ons stelsel voorstel.

* Simbra tipe? Dit is struktureel korrekte verse en koeie wat soos 'n Simbra lyk m.a.w. jy moet die twee basis rasse nl. Simmentaler en Brahman duidelik in die dier sien. Indien hierdie goedgekeurde diere met 'n geregistreerde Simbra bul gedek word, sal hulle seuns en dogters as geregistreerde F2 aanvaar word.

** Simmentaler tipe? Dit is struktureel korrekte verse en koeie wat soos 'n Simmentaler lyk. Simmentaler/Fleckvieh-melktipe beeste en kruisings word opgeneem in 'n hulpstamboek-stelsel om eventueel op te gradeer na suiwer Simmentaler/Fleckvieh.

Tel: +27(0) 51 446 0580
+27(0) 51 446 0582
www.simbra.org
www.simmentaler.org